

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 21 - nr. 32.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

8 Augustus 2021

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

EREDIENS: Dr. Petrus Venter

Erediens – 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Eksodus 25:10-22 (1983 Vertl)

Teks: Eksodus 25:15

Sing- VOORAF SANG: Ps. 40:2

TYDENS OORDENKING: Ps.36:2;

Ps.105:3,20; Ps. 66:1,9; Ps. 121:2,3

**DIÉ DRAAGHOUTE MOET IN DIE
RINGE VAN DIE ARK BLY!**

Volgende Sondag is in ons kerkverband as dag van verootmoediging vóór die Here uitgeroep (ooreenkomstig Art 66 Kerkorde). Ons verootmoedig ons voor die Here veral in die lig van die Covid-19 virus wat ons so laat swaarkry en dan ook oor die omstandighede in ons land wat daar soveel onluste, plundery en totaal wetteloosheid oor groot dele van ons land en ekonomie gespoel het. Volgende Sondag is ook 'n ruildiens waar ds. Pierre Cilliers (Daniëlskuil/Duineveld-kombinasie) in die gemeente die Woord sal bedien in die ootmoed wat daar van ons gevra word.

Gemeente, die Kerkraad het goedgekeur dat as dit moontlik sal wees ons op 5 Sept. die sakrament van die heilige Nagmaal in die gemeente sal vier. Ons voorbereidingsdiens sal dan 29 Aug. wees.

Vooraf sang: Ps. 40:2

Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps.36:2

Geloofsbelydenis
(Twaalf Artikels)

Verootmoediging en versoeningsdiens

Wet

Sing: Ps. 105:3,20

Gebed

Woorddiens

Sing: Ps. 66:1, 9

Skriflesing: Eksodus 25: 10-22 (1983 Vertl)

Teks: Eksodus 25:15

Preektema

**DIÉ DRAAGHOUTE MOET IN DIE
RINGE VAN DIE ARK BLY**

Liefdesdiens kollekte – DVB
By die deure – Sustentatie GKSA

Slotsang

Sing: Ps.121: 2,3

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Vandag: 8 Aug. 2021

In die banke: DVB: By die deure: Sustentasië GKSA

Sondag: 15 Aug. 2021

In die banke: DVB: By die deure: Bediening vir Postmasburg

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



WYK – DIENSBEURT

Vandag- 8 Aug. 2021: Wyk 6

Ouderling: Vakant

Diaken: Br Ferdi Nel

Wyksuster: Sr Estea du Plessis

MEELEWING

- Die getal positiewe Covid-19 gevalle in ons gemeente het hand oorhand toegeneem. In die laaste week was daar deurlopend meer as 10 gevalle wat hierdeur moes gaan. Ons is dankbaar vir diegene wie se simptome hulle nie met sware nagevolge gelaat het nie. Daar is egter 3 lidmate, br Reitz Coetzee (tans nog in hospitaal maar daar is verbetering), oudl. Wolfie Reinecke wie se suurstofvlakke onder druk bly en dan bid ons ook vir sr Marina Coetzee wat Donderdag ook positiewe uitslag gekry het. Ons bid dat sy en die kindjie wat sy verwag ook deur hierdie tye gedra sal word. Ons dink ook aan al die huisgesinne, families en geliefdes wat so direk hierdeur geraak word en die sware stryd teen hierdie bose virus moet bly stry. Mag ons Here ons in die tyd naby wees en sy hand oor elkeen hou.

VERJAARSDAE

Vandag– 8 Aug. Leilah Snyman

Vandag – 8 Aug. Mareli Vermeulen

Dinsdag – 10 Aug. Lizbe Nel

Sondag - 15 Aug. Ferdie Nel

Sondag – 15 Aug. Anita Pretorius

Sondag – 22 Aug. Hettie Booyens

Dinsdag – 24 Aug. Bettie Snyman

Woensdag – 25 Aug. Hanneljies Schoeman

Maandag – 30 Aug. Johnny Coetzee

Dinsdag – 31 Aug. Ina Snyman

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang vanaf 1 Maart – 4 Aug. 2021	R306 617-00
Gemiddeld per besoekpunt per maand	
Werklike uitgawes	R525 258-59
Tekort	R88 725-10
Ramings per lidmaat per jaar	R883-00 (Hier is 'n verhoging)

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-katgeses Al die lesmateriaal is beskikbaar by <http://bit.ly/2KhypYe>

Ons kom by Sondag 13 van die Kategismus en ook Hoofstuk 13 in Laat my lammers wei.

Hoërskool – katgeses Ons het gevorder tot by Les 33, die laaste les in ons handboek ... Die 5 jongmense wat aangedui het hulle graag hierdie jaar belydenis van geloof wil aflê sal ons na die wintervakansie ook so 2/3 Saterdag fisies saamkom vir die laaste afronding en vrae wat daar nog mag wees. Ons sal dit graag in hierdie kwartaal nog wil doen.

BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/xUZo6kTaM9M>

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord. Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. Al die vorige opnames is daar beskikbaar. Die laaste gebed wat ons behandel het, staan in Handeling 8:1-25. **In wat hier staan beseft ons die werk van die Heilige Gees kan nie goedkoop gemaak word nie! Hierdie gedeelte wys ook hoe belangrik dit is dat ons 'n Gees-ervulde kerk moet wees ... Die Bybelstudie kan afgelaai word by <https://youtu.be/xUZo6kTaM9M>**

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Daar is in hierdie tyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.

Die Dorkas Susters wil elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het. Ons is dankbaar dat ons diakonie ook weer 'n bedrag aan HJV in die tyd oorbetaal het.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.

Sondag-aande is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansieel tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Volgende Diakonievergadering – 29 Aug. 2021
Kerkraadsvergadering- 1 Sept. 2021

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert@webmail.co.za
Admin Beampte	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	22
Kollekte: DVB	R863-70
Kollektes by deure	R418-21
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782

Daar is nog heelwat vleis in die Kerksaal beskikbaar. Daar is keurige halwe lammers (R110/kg) en ander snitte skaapvleis (ook skaaptjops @ R125/kg).

As u bestelling wil plaas en wil kom afhaal kontak asb. in die week vir sr Christine by 084 511 9620. Die tweede deel van ons projek moet nog afgehandel word. Ons behoort dan weer wors en maalvleis ook beskikbaar te hê.

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za



Snap here to pay

SnapScan